# Gesinsbederf Op Sondae!

29 Apr 2015 : Burger (Kaap), Bylae C (Tydskrif)
AVE: 3801,58
Circulation: 45541,00
Dimensions: w:91 h:123
© DALRO Copyright

BURGER (Kaap), Bylae C (Tydskrif)
29 Apr 2015, p.10

**ADVERTENSIE-ARTIKEL ||**
LOURENSFORD HARVEST MARKET

## *Gesinsbederf op Sondae!*

Dis dié plek om jou Sondae deur te bring! Die Lourensford Harvest Market is onlangs deur The Inside Guide gelys as die vierde beste mark in die Wes-Kaap, en dit net ses maande na die opening op 12 Oktober verlede jaar.

Die mark se wenresep is 'n kombinasie van uitstekende gehalteprodukte, 'n hartlike atmosfeer en die ongelooflike ligging op een van ons land se mooiste, oudste wynplase.

Lourensford-wynlandgoed in Somerset-Wes is die tuiste van hierdie lieflike mark met 76 stalletjies. Die uitstallers en verskaffers is met oorsig gekeur en bied 'n verskeidenheid van spesialiteitskosse, handgemaakte artikels, kuns en varsprodukte.

Die mark is elke Sondag oop van 10:00 tot 15:00 en toegang is gratis.

Daar is iets vir elkeen – of jy nou wil middagete eet, inkopies doen of net rustig aan 'n yskoue landgoed-wyntjie teug onder die statige ou eikebome.

**Besoek Lourensford se mark Sondae vir 'n gesinsuitstappie**. Foto: INECKE DE KOCK

Die hele familie is welkom, omdat daar ook elke Sondag kindervermaak op die spyskaart is – in 'n omgewing waar die kinders nog vry kan rondhardloop.

Bring jou troeteldiere saam en selfs jou fietsvriende, die mark het 'n plekkie vir almal.

Hier loop plaassjarme en gesofistikeerde gehalte regtig hand aan hand.

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.*